# Die WAPAD

STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.

DEEL VI. 24 AUGUSTUS 1951 No. 8.


# S.R. Keur Nuwe Alma Mater-Lied Eenparig Goed

**Die Studenteraad het op hul jongste vergadering die nuwe Alma Mater-lied goedgekeur. 'n Brief van dank is aan die digter, mnr. Sarel Pretorius gerig.**

As gevolg van die grootomwenteling wat vanjaar plaasgevind het nl. die selfstandigwording van P.U.K., het die huidige S.R. op 'n **nuwe Alma Mater-lied** besluit om by die nuwe status aan te pas. Mnr. **S. J. Pretorius,** bekende digter en oud-P.U.-kaner is genader om die gedig te skryf waartoe hy geredelik ingestem het.

Verneem word dat mnr. **Pretorius** in betreklik kort tyd die gedig voltooi het en dat die S.R. dit eenpariglik as nuwe Alma Mater-lied aanvaar het. Die lied is nou na die A.B.K.K. verwys om advies daaroor in te win en dit aan 'n komponis voor te lê.

### BEGELEIDENDE BRIEF.

In 'n begeleidende brief meld mnr. Pretorius die volgende:

„Wat die gedig self betre: u het my aan bande gelê met 'n voorskrif oor die aantal reëls wat die gedig verkieslik moet wees. Uit die aard van die saak lê so 'n beperking 'n mens yslike moeilikhede in die weg, want jy wou eintlik nog baie meer gesê het en dan is jou reëls alweer gevul! Terwyl die gedig vir homself behoort te spreek wil ek u darem graag vertel wat die opset is: eerstens moet mens die godsdienstige karakter van die P.U. vir C.H.O. in gedagte hou en dié het ek veral in die refrein probeer uitdruk. Origens hang daarmee saam die gedagte aan ons volk. Dié het ek in die tweede strofe probeer uitdruk. **Die gedig val dus van aanvang tot einde uiteen in drie stukke nl. die enger kring van die Universiteit assodanig, dan die volk en dan die godsdienstige karakter.**

„Laat my toe om i.v.m. die gedig self nog net te sê dat in die eerste strofe, die derde versreël:

. . . . „bokant die hoëveld oop en wyd". . .

„Oop en wyd" hier slaan op die hoëveld, nie op die Universiteit nie."

### DIE DIGTER.

**S. J. Pretorius:** Sarel Jacob Pretorius, die digter van ons nuwe Alma Mater-lied, is in Postmasburg, K.P. gebore. Sy liefde vir poësie het deur die onderrig van sy vader, wat onderwyser in Afrikaans was, ontluik. Hy matrikuleer aan die Hoër Gimnasiumskool op Potchefstroom en voltooi sy studies aan die P.U.K. vir C.H.O. Ná die studie word hy onderwyser in Johannesburg. Mnr. Pretorius is ook 'n bekende sanger. Hy is nou aan die Uitsaaikorporasie as samesteller en vertaler verbonde. Hy is met mej. A. Swanepoel getroud èn is die vader van 'n seun. Hulle is tans in Linden, Johannesburg, woonagtig.

Die volgende digbundels het uit die hand van mnr. Pretorius verskyn:

Vonke (1943, Die Arbeider e.a. Gedigte (1945), Inkeer (1948), die Swyende God (1949).

### NUWE ALMATER-LIED.

Die gedig lui soos volg:

**„Gebore uit die nag van smaad**
**sien ons jou staan as Wonderdaad,**
**bokant die hoëveld oop en wyd:**
**„Dis hier waar ons studente leer**
**tradisies van hul volk te eer,**
**om mense uit een stuk te wees**
**gesond na liggaam en na gees.**
**Refrein: In al ons handel, spel en werk**
**hoor ons jou roepstem magtigsterk**
**van liefde en geloof en hoop.**
**Skoon gaan die toekoms voor ons oop,**
**trou deur die nag die koers gerig,**
**want „in U lig sien ons die Lig."**

---

**Hoe maklik loop dinge nie verkeerd nie! 'n Sug te veel of 'n soen te lank—en die lewe is daarna nooit weer dieselfde nie.**



S. J. Pretorius: Digter van ons nuwe Alma Mater.

# Erekleure ook op Kulturele gebied

## Sterk Besware Daarteen

**In 'n onderhoud het Mnr. A. S. Smit, Voors. van die A.B.K.K., verklaar dat erekleure geen monopolie van die sportman hoort te wees nie. Die sterkste besware teen die toekenning daarvan op kulturele gebied kom van sportmanne en kan s.i. almal herlei word tot een beswaar, nl. tradisie.**

Hy het voorts verklaar: As 'n argument op tradisie berus, is dit sekerlik 'n sterk argument, maar ons moet 'n paar dinge nie uit die oog verloor nie: :

In die eerste plek is erekleure geen vergoeding nie, maar 'n verering. 'n Inrigting vereer hulle op wie se prestasies hy trots voel met die beste wat hy het: sy erekleure. Dit is vir hom net so 'n eer dat die kleure toegeken word, as vir die draer. Sou 'n inrigting dan alleen trots voel op die prestasies van een groep studente . . . . die wat lede is van die sportklubs? Daar bestaan geen besware om gewone kleure aan alle studente toe te ken nie, maar juis erekleure mag alleen aan sportmanne gegee word.

As dit nou die sportklubs was wat beheer gehad het oor erekleure, sou ons die posisie kon begryp; maar hulle maak slegs aanbevelings. Die hoogste gesagdraende ligg. in die studentelewe ken die kleure toe, en waarom sou ons hom beperk by een groep studente terwyl daar ander is wat net soveel tyd opgeoffer en soveel moeite aan die dag gelê het as sportmanne, om die inrig-

(Vervolg in Kolom 5).

(Vervolg van kolom 3).

ting te dien. Hulle met hulle geestelike talente teenoor die liggaamlike talente van die ander. Die liggaam heers tog nie oor die gees nie!

**Goed, u sê ons kan iets anders toeken; iets wat by hulle prestasie pas. Maar wat?**

**Bekers? Die skaakklub, sportentoesiaste, kunswedstrydkomitees ken almal bekers toe. Skilde? Dieselfde.**

**Diplomas? Dit is ook net s min iets in aan kulturele prestasies as bogenoemde.**

**Knopies! Pragtige gedagte. Maar is 'n knopie nie deel van ons kleure nie? Dink maar aan ons kleurereëls! Wie 'n knopie mag dra, moet ook 'n baadjie kan dra.**

'n Ereknopie? Waarom dan nie tenvolle erekleure nie?

Daarom moet ons ernstig daaraan begin dink om erekleure die trots van die hele studentegemeenskap te laat wees, en nie die monopolie van die sportman nie.


**LUCILLE** DIE ROK SPESIALIS

**Altyd eerste met die Jongste.**

**Foon 62.**

**Kerkstraat 146,**
**POTCHEFSTROOM.**


# P.U.-Kleure aan Studente Musiekkonservatorium

**Die Studenteraad van die P.U. vir C.H.O. is bereid om aan studente van die Musiekkonservatorium van die P.U., wat vir geen universitêre graad of diploma ingeskryf is nie, maar wat getuienis gee van 'n gesonde belangstelling en positiewe bydrae aan en onderskeidende deelname binne die vrskidnhid van die studenteaktiwiteite, P.U.-kleure toe te ken as 'n eretoekenning.**

Hierdie eenparige besluit van die S.R. is die neerslag van samesprekings wat met die S.R. van 1950, onder leiding van mnr. **W. J. de Klerk** as voorsitter, 'n aanvang geneem het. Aan Mnr. **B. Spoelstra,** toentertydse S.R.-lid en huidige voorsitter, is deur die S.R. van 1950 opgedra om 'n grondige studie van die verhouding van P.U. tot die Konservatorium te maak en 'n verslag, wat die toekenning van kleure aan die Konservatoriumstudente behels, te lewer.

Volgens verneem het mnr. **Spoelstra** 'n volledige en mees gewaardeerde verslag inngedien en in sy verslag i.s. Konservatoriumkleure hom as volg oor die verhouding uitgelaat.

**„Hoewel dit eintlik twee sake met geen wesensband is nie, is die Konservatorium onder beheer en 'n stigting van die P.U.K."**

(Vervolg op bladsy 2).

# KULTUUR EN SPORT.

Onder die verskillende vertakkinge van ons veelsydeige studentelewe is daar twee wat op die oomblik die meeste onder die soeklig kom, nl. „sport" en „kultuur."

'n Onderskeiding tussen hierdie twee soorte aktiwiteite, soos hierbo, en soos in die alledaagse gebruik voorkom, is eintlik nie moontlik nie, want „kultuur" is tog immers, in die breë sin van die woord, alle dinge waarmee die mens hom besighou.

Nou is dit die reël dat daar aan persone wat in ons studentelewe uitblink bewyse van erkentlikheid toegeken word, in die vorm van bekers, medaljes, erekleure ens., en dit is ook beslis 'n prysenswaardige gebruik, maar wanneer die vraag ontstaan watter aktiwiteite belangrik genoeg is vir die hoogste bewyse van erkentlikheid, en watter nie, en wanneer hierdie kwessie lei tot 'n geredekawel oor watter vorm van erkentlikheidsbewys nou eintlik die mees eervolle is, dan word die saak bra ingewikkeld.

Is 'n erekleure-baadjie of 'n goue medalje nou die mees gesogte—verdien net sportmanne om erekleure te dra, in die studentelewe presteer, en daardeur 'n diens lewe aan sy Universiteit, ook sulke kleure dra? Mag medaljes aan alle uitblinkers toegeken word, of net aan sommige? Is wissel-bekers en trofeë net bedoel vir sportkampioene, of ook vir wenners op kulturele gebied?

Die praktyk leer ons die antwoord op hierdie vrae: Daar bestaan die Raadsmedalje vir uitblinkers in die studentelewe, dus vir kulturele prestasies. Daar bestaan 'n van Rooy-du Toit-medalje vir die beste voetbalspeler, dus ook 'n medalje vir prestasies op die sportveld. Daar bestaan 'n Corrie van Rooy en de Klerkbeker vir die dame en man wat op sportgebied die meeste presteer. Daar bestaan die Redenaarsbeker. Kortom, vir bekers en medaljes word geen onderskeid gemaak tussen sport en kukltuur nie. Maar erekleure?

Tot dusver gee ons nog net aan uitstaande sportmanne erekleure, en daar word gemik na die instelling van „kulturele-erekleure." Die S.R. het tewens in beginsel die saak reeds goedgekeur. Nou word van party kante hierteen beswaar gemaak. Die sportmanne wil 'n monopolie op erekleure hê, ander mense wat „kultuur-presteerders" is, wil in die eer deel. 'n Sportmedalje dra jy in jou knoopsgat na 'n debat toe, maar waarheen dra jy 'n kulturele-erekleurbaadjie? Sportveld-toe.


# Die Wapad.

**24 AUGUSTUS 1951**

*Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.*


## REDAKSIE.

**Hoofredakteur:** J. P. COETZEE.

**Adm. Voorsitter:** F. BOTHMA.

**Sub-Redakteurs:**
- **Nuus:** C. J. MALAN.
- **Kuns en Wetenskap:** J. H. BOOYENS .
- **Sosiale Aangeleenthtde:** MEJ. B. KRUGER.
- **Sport:** D. v.d. SPUY en MEJ. A. PRETORIUS.
- **Varia:** W. J. J. VAN VUUREN.
- **Fotografie:** F. BOTHA.
- **Tegnies:** J. HERSELMAN en J. v. ROOY.


GILFILLAN EN STROH

POTCHEFSTROOM.

FIETSE EN FIETSREPARASIES



J. N. J. Kritzinger

FOTOGRAAF

ROYAL HOTEL-GEBOU,

Kerkstraat 84, Telefoon 455,

Potchefstroom.

AS U 'N FOTO WIL SKENK

kyk dan

EERS NA ONS FOTO'S

(in ons Ateljee, of by tevrede P.U.Kaners).



PRESIDENT KAFEE

Kerkstraat 70.

• • •

vir die Beste

LIGTE ETES

en

VERVERSINGS.


# *Is Dans 'n Sosiale Behoefte?*

Aan ons inrigting het ons nog nooit die probleem gehad dat die grootste deel van die studente dans as 'n behoefte in ons studentelewe beskou en die invoering daarvan wil eis nie. Maar van die vroegste jare was daar, en vandag nog is daar 'n groep onder die studente wat dit nie alleen bepleit nie maar hulle ook daaraan skuldig maak om gedurig op die dansbane van ander inrigtings en sosiale kringe te wees.

Terwille van hierdie groep wat dans bepleit op grond van argumente wat nie kan steek hou nie, kan ons net daarop wys dat dans op P.U. nooit goedgekeur sal word nie—nie op grond van bekrompenheid van lewensiening nie maar op grond van die verrottenheid van dans in sy oorsprong, wese en gevolge. Om dans af te keur is 'n daad wat nie uit engheid voortvloei nie maar veel eerder uit dieper insig en 'n ruimer kyk op die lewe.

„Dit is 'n sosiale behoefte" word beweer. In hierdie argument steek 'n greintjie van waarheid maar alleen in soverre dat daar in dié rigting wel 'n behoefte is—'n behoefte om vrolik met andere saam te wees en die ritmiese in die mens te bevredig (soos in volkspele). Maar die vraag is: Voldoen dans aan hierdie behoefte in 'n Christelik beskaafde gemeenskap?

Die tipiese van die nie-Christen is dat hy net soos die Christen aan al die behoeftes van die mens voldoen, en wil voorsien—maar dan doen hy dit gewoonlik op 'n sondige, onbetaamlike en „lekkerder" manier. Selfverheerliking en selfdiening is die diepste grond van die onchristelike dade.

Uit hierdie euwel het die dans sy oorsprong gehad. Die seksuele drange wat so 'n sterk beheersende faktor in die sondige mens is, het hier weer die leiding geneem en die gevolg was dat dans nie aan die onskuldige behoefte voldoen nie maar aan die seksuele behoefte in die mens. Hiervan getuig getalle uit statistieke wat deur geleerde persone gemaak is. Volgens dr. J. J. Muller in „Reinheid" was daar van 200 ongetroude moeders in 'n inrigting vir gevalle meisies, 168 deur dans verlei. Uit die tydskrif „Wachter" wat in Amerika uitgegee word, verneem ons dat van 2,500 van bogenoemde gevalle 75% hulle ongelukkige toestand aan dans te wyte het. As dans dan nie 'n uiting van die seksdrang is nie, waarom is die danssale dan een van die kenmerkende besoekplekke van die straatvroue van Johannesburg (volgens Freed)? en waarom het dit dan tydens die Franse Rewolusie in Parys aanleiding tot owerspel helder oordag in die straat gegee?

Vandag geskied hierdie seksuele uiting op die dansbane nog op 'n verfynde manier—soos tewens die meeste satansbedrywighede vandag geskied, maar toe die mens nog minder beskaafd was, was dans niks anders as 'n wilde, ru en onbeheersde lyfgeswaai wat neerkom op die nabootsing van die seksdaad nie. Gewoonlik het een of meer voorgegaan terwyl die ander in 'n kring die dansendes omring het en in handegeklap lustig meegedoen het om die eentonige seksritme nog meer te beklemtoon. So leef die onverfynde dansvorm vandag nog voort in die sogenaamde „jazz"-danse.

(Vervolg op bladsy 3).

(Vervolg van bladsy 1).

**DEFINISIE.**

Vervolgens bevat die verslag 'n definisie van die term „suiwer-Konservatoriumstudente nl. „enige persoon wat prakties en teoretiespraktiese musiekonderrig wens te ontvang, afgesien van ouderdom of akademiese status. Hulle speel die algemene musiek-eksamens."

In die verslag word egter 'n drieërlei onderskeiding gemaak nl.:

1) Persone wat by die P.U.-studentelewe belang het deur inwoning, belangstelling, sport, ens.

2) Persone wat wel onder hierdie groep val, dog **nie juis** 'n lewende deel aan die studentelewe neem nie.

3) Persone aan die Konservatorium wat hoegenaamd geen belang in die studentelewe stel nie.

**WENKE.**

In konkluderende wenke aan die S.R. doen mnr. **Spoelstra** aan

(Vervolg bladsy 3).

## *Korrespondensie.*

P.U. vir C.H.O.,
16-6-51.

Geagte Redakteur,

Dit is namens ons paar wat wel die moeite gedoen het om die drie skitterende eenbedrywe by te woon, wat deur die Toneelvereniging gisteraand aangebied is, dat ek nou wens om my tot u te rig.

Ten eerste moet ons dit betreur dat daar **nie meer studente aanwesig was nie.** Dit is seker ons plig om sodanige persone, wat werklik trag om met goeie kuns voor die dag te kom, ons aanmoediging deur belangstelling te gee. Dit moedig talent aan en verbreed ons drama-kennis.

Ten tweede wil ek egter my verwondering uitspreek oor **die aantal personeellede** wat teenwoordig was! Ons hoor dat die studente **sportmal** is, dat hulle nie trag om enige **vorming buite die akademiese leerplan** te kry nie, dat hulle nie belangstel in **musiek en kuns nie! Waar was ons personeelede?** Is dit **'n voorbeeld** vir ons studente?

Wat kan ons doen om 'n groter belangstelling en meelewing van die kant van ons personeel te kry? 'n Mens dink onwillekeurig aan die jonger lede wat kaartjies afgewys het met **„ek stel nie belang nie."** Ons wil toegee en wardeer dat ons nie die reaksie by baie van die ouer personeel het nie, maar daadwerklike belangstelling. As ons egter generaliseer: is ons **een inrigting** met wedersydse belangstelling, of is een groep hier, alleen ten dienste van die brood van 'n ander groep, of net om hulle toetse te skrywe?

Wat kan ons doen?

EK-WEET-NIE.


*Studente Vriende,*

WEET U DAT

Die Firma J. H. DE BUSSY

Maritime-gebou, Posbus 460.
Pretoriusstraat 153, Foon 22-014.

PRETORIA

die grootste voorraad tweedehandse boeke het op

TEOLOGIES EN WYSGERIG TERREIN?

Ons vestig spesiaal u aandag op die volgende boeke wat uit voorraad gelewer kan word:

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Dr. A. Kuyper:** Encyclopaedie der Heilige Godgeleerdheid. 3 dele kompleet .... .... | £3 | 15 | 0 |
| **Dr. A. Kuyper:** Pro Rege. 3 dele kompleet .... .... | 2 | 10 | 0 |
| **Dr. A. Kuyper:** E. Voto Dordraceno. 4 dele kompleet .... .... .... .... .... .... .... | 4 | 2 | 6 |
| **Dr. A. Kuyper:** De Engelen Gods .... .... .... .... | | 15 | 0 |
| **Dr. A. Kuyper:** Het beeld Gods .... .... .... .... | | 13 | 6 |
| **Dr. A. Kuyper:** Van de Voleinding. 4 dele kompleet .... .... .... .... .... .... .... | 1 | 12 | 6 |
| **Dr. A. Kuyper:** Onze Eeredienst .... .... .... | 2 | 10 | 0 |
| **Dr. A. Kuyper:** De Gemene gratie. 3 dele kompl. | 3 | 0 | 0 |
| **J. C. Sikkel:** Het boek der Geboorten. Genesis | 2 | 10 | 0 |
| **J. C. Sikkel:** Onder de vleugelen des Heeren .... | | 3 | 9 |
| **J. C. Sikkel:** Dienst des woords .... .... .... .... | | 3 | 9 |
| **Dr. B. Wielenga:** Van Jeruzalem naar Rome. 3 dele .... .... .... .... .... .... .... .... | 3 | 0 | 0 |
| **Ds. G. Wielenga:** Paulus in zijn leven en werken | | 14 | 6 |
| **Prof. P. Biesterveld:** Van Bethanië naar Golgotha .... .... .... .... .... .... .... | | 11 | 9 |
| **Prof. Dr. K. Schilder:** Christus en Cultuur .... | | 10 | 6 |
| **Christelyke** Encyclopaedie. 6 dele kompleet .... | 11 | 10 | 0 |
| **Dr. H. Dooyeweerd:** De wijsbegeerte der wetsidee. 3 dele kompleet. Baie seldsaam | 5 | 10 | 0 |

Vra ons Katalogus van Nuwe en Tweedehandse Boeke.



BULT GARAGE

(Edms.) Bpk.

Tomstraat 55, Potchefstroom.
Foon 952.

Fietse, Flitse, Onderdele, ens. verkrygbaar. M.a.w.

'N FIETSAFDELING VIR STUDENTE.

Reparasies van enige aard.
VRY LUG-VOORSIENING.
Ondersteun 'n Afrikaanse saak.

# HIEROOR EN DAAROOR.

Verneem word dat **Marie Schoombee** lig moet loop, want daar het glo kortgelede 'n jong stoeigeveggie plaasgevind toe **Styger** 'n advertensiekaart van Amsterdam - verloofringe van Shine wou afneem. (M.a.w. **Salome** wees ook maar op jou hoede!)

Op die „case"-mark is aandele nog steeds aan die daal; die hoeveelheid gebreektes het glo in die afgelope tydjie van 14 na 17 gevorder.

Hoe lyk dit dan asof die wit-en-geel strepie in die kleurbaadjies van slepers by die dameskoshuise vervang is deur nét 'n geel strepie, of hoe, Thaba-jäh?

Uit die mond van 'n eerstejaardametjie: „Dit word darem nou hoog tyd dat daar iets op hierdie Puk aangaan!!"
[Soos byvoorbeeld die Hof van Hades?—Red.]

**Roelf Buys: La Concita!** (Of is hy alweer moeg vir haar?)

## INIE LAAIMLAAIT.

Annatjie Pretorius pas haar glo besonder goed aan by die nuwe omstandighede van groepsleep. Sy verklaar dat dit heel gesellig is, en dat daar definitief oorweging aan geskenk moet word om dit 'n blywende instelling te maak.

Ons verneem dat 'n hele paar kamers in Thabajäh 'n herdoping ondergaan het; Hut E, kamer 2 (inwoners Hessie Steyn en Elsie van der Merwe) is glo verander na „die P.-klub." Hut C.S. (inwoners Antjie Geertsema en Christa du Preez) is herdoop na „Kruger-Chambers."

(Vervolg van bladsy 2).

In sy wese is dans 'n onterende daad wat nie die beeld van God in die mens laat uitkom nie maar die mens in sy sonde-besmetheid openbaar. Hieraan voeg die apostel Paulus toe:

„Weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het en dat julle nie aan julle self behoort nie? Julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort."

(K.V.V.-S.K.).

(Vervolg van bladsy 2).

die hand dat, indien die S.R. die toekenning van kleure sou oorweeg, die derde groep outomaties en finaal uitgeskakel behoort te word. Dat indien die S.R. egter sou besluit om sy kleure op grond van verdienste, prestasie en lewenswandel as 'n soort ere-toekenning vir studentelewe-bydrae te skenk, groep 2 ook outomaties uitgeskakel sou word en dat slegs vereistes vir groep 1 vasgelê moes word. By die oorweging van groep 1 is die outomatiese kleureregte van Akademiese studente vanselfsprekend uitgeskakel.

Hierdie aanbevelings van mnr. **Spoelstra** is met geringe veranderings deur die huidige S.R. aanvaar en aldus is besluit om P.U.-kleure aan Konservatoriumstudente toe te ken onderhewig aan die volgende voorwaardes::

### REGLEMENTE.

1. Die betrokke persoon se gedrag en lewensbeskouing binne en buite die studentelewe moet getuig dat dit in volle harmonie en in ooreenstemming met die beginsel van die P.U. vir C.H.O. is.

2. Die betrokke persoon moet 'n lewende aandeel aan 'n verskeidenheid van die studenteverenigings en -klubs geneem het.

3. So 'n verdienstelike aandeel in die studentelewe moet vir tenminste twee (2) jaar volgehou wees.

4. Die brosjure-eksamen moet geslaag word.

5. Die betrokke persoon moet in besit wees van 'n skooleindsertifikaat (gematrikuleerd wees). Uitsonderings moet hier streng individueel behandel word en van besondere verdienstelikheid getuig.

6. By 'n gegronde bedenking van Studenteraadsweë t.o.v. die persoon se lewe, deelname of prestasie kan die kleure sonder opgawes van redes weerhou word.

7. Sodanige persone sal die gewone S.R.-fooie vir deelname aan die studentelewe betaal.

8. Persone aan wie die kleure toegeken word, moet die kleurereëls daarvoor onderteken en sal by die bewese oortreding die reg om kleure te besit, verbeur.

### STEMREG.

Konservatoriumstudente wat hulle volle gewig by die studentelewe ingooi en optree ooreenkomstig bestaande kleurevereistes, kan na 'n jaar van aktiewe deelname, op aanbeveling van die betrokke klub of vereniging daarin stemreg van die Studenteraad verkry.

Dink net hoe 'n geweldige tekort aan onderwysers daar sal wees as Bussie Botha, „Van" van Niekerk, Ortlepp en Mossie Engelbrecht eers begin skoolhou!

# LANGER SLEEP TYD?

**Ons korrespondent het die volgende aan ons berig na afloop van 'n salige drie-kwartiertjie op 'n harde bankie (lank lewe die bankie!).**

'n Sug styg ten hemel . . . .

Dit is 'n sug soos maar net 'n verliefde kan sug. Dit is 'n sug van voldaanheid, maar terselfdertyd 'n sug van misnoeë teenoor die owerhede van die Groot Berg. Vandag het hy ses periodes van klasloop agter die rug—elkeen 45 minute lank; 45 minute wat voel sooos 'n ewigheid. Vanaand word hy toegelaat om sy geliefde in sy vleuels te omvou—ook 45 minute, maar 45 minute wat verbyglip, ja so snel glip soos 'n paling wat uit 'n emmer seepwater glip en op die droë grond bly spartel. So spartel hy ook na 7.30 n.m., maar dit is tevergeefs.

**Is daar nog enige regverdigheid in die lewe? Kan eenmaal 45 minute opweeg teen sesmaal 45 minute (dit is die beperkte tydjie wat aan spykerologiese aktiwiteite toegelaat word, gestel teenoor die aantal minute wat hy aan pedagogiese aangeleenthede moes wy)?** Sal 'n algemene verkiesing die saak kan regverdig, of moet die koshuisowerhede oorgehaal word om self die praktiese waarde van 6.45—7.30 n.m. (indien nie langer nie) op die proef te stel? Indien laasgenoemde middel is, is ons korrespondent daarvan oortuig dat hy voortaan vanaf 6.45 n.m. tot „Forever and Ever" sal sleep. (Sondae tot kort voor „wasgoed.")

[Hierdie betrokke korrespondent het kort gelede gekys, en toe gevra ons moet asseblief tog hierdie stukkie plaas—ons doen dit nou maar, hoewel dit miskien „under standard" is.—Red.]

# DAPPER?

Die man met die meeste moed op die hele P.U., is sekerlik ons vriend Piet (sy van is so iets soos Pietersielie of Pieterse, en sy akademiese kwalifikasie strek teen hierdie tyd oor 'n halwe dekade). Vir die afgelope paar jaar is hy al „in absentia" gekys.

Elke aand: „Ou man, vanaand het ek darem weer 'n sleep agter die rug soos min!"

Belangstellende: „Het jy toe darem vir M . . . . . gesien?"

Piet: „Ja, maar ek moes net koes dat dit bars of sy het my ook gesien."

Nee wat, ons held het vir homself hierdie slagspreuk opgestel in navolging van ons vriend Vondel:

**„Als ik moet kies tusschen de vrouw en de wijn,**
**Dan word ik dronk so time and again."**

## NUWE VARIASIES OP DIE TEMA: „EN DIE BOBBEJAAN KOM MET SY STERT SO KROM, EN DIE APIE SÊ VIR HOM:

Shine on, shine on harvest moon!
(Marie T.).

Gonna take a sentimental journey . . . home!
(Steve en Lucia).

And soon they were away on their abba-dabba-honeymoon!
(Henriette en Wollie).

If they made me a king, I'd still be a slave to you . . .
(Tok v. Vuuren).

I'd love to get you on a slowboat to China.
(Herselman).

Oh Captain, my Captain!
(Salome E.).

Way down, upon the Swanee river
(Emelia).

For heaven's sake, say goodnight to the guy, Irene!
(Saans 7.30 by die dameskoshuise).

**Geluk!**

**Aan Mej. Fransie de Wet word die hartlike gelukwense oorgebring, met haar verlowing aan Mnr. Alex. Müller.**

## Mense op die Voorgrond

Dit lyk asof Kupido die Strewers vergesel het op hul toer, nie waar nie, **Dottie?**

As **Wicus** nie binnekort kom kuier nie, sal **Ansie** 'n enkelkaartjie na Witrand moet uitneem.

Bets oorweeg dit om haar studies op Tukkies te gaan voortsit.

Hanna vertel dat 'n Anglia baie lekkerder ry as 'n Cadillac.

Dit lyk asof een van die Maties eerste opsie het op **Waldjie** se hart.

Slepers word aangeraai om 'n lyfwag oral saam te neem aangesien dit nie meer so veilig is om alleen rond te loop in hierdie joint nie.

**Ag Gawie, Belinda** sê sewe jaar is darem te lank om te wag.

Die plaaslike apteek besit 'n middel teen troukoors, **Lida.**

**Lettie**, is dit nog steeds „Smiling on the outside?"


TOETS JOU OË
by
**M. SINGER**
F.S.M.C., F.B.D.A. (Londen)
OOGARTS
by die
MOOIRIVIER APTEEK
KERKSTRAAT 155,
Foon 380 POTCHEFSTROOM.

Ondersteun 'n Oud-P.U.Kaner
**J. P. V.D. WALT,**
L.F.V.
KERKSTRAAT 111
(Langs Ackermans)
Foon 929,
POTCHEFSTROOM.
Ek voorsien ALLES wat van 'n Apteek verlang word.

Potchefstroom se mees moderne Dames-Klerewinkel
Die jongste versameling van Dames-rokke, -Baadjies, „Jeeps," Skirts, Bloese, Onderklere, Blomme, Naaiwerkbenodigdhede, ens.
BY
**LA VOGUE**
(J. M. TAYLOR)
Posbus 221. Foon 440.

**I. GLASER**
Kerkstraat 83.
Die beste vir
OMEGA - HORLOSIES EN VERLOOFRINGE.
Diens en Waarde is ons Leuse.
Foon 218. Bus 248.
POTCHEFSTROOM.

Drink en Geniet
**S & S**
Super Dilla
en
Super Orange
**Sherr & Shakinovsky**
AUTO LAAN
Foon 16

ELKE DAG VARS!
**TURKSTRA SE BAKKERY**
BROOD en alle KOEKSOORTE
Raadpleeg ons vir
BRUIDSKOEKE

**CORNER FRUIT STORE**
Hoek van—Corner of
Kerk- en Retief Sts.
For— Vir—
Better Fruit and Vegetables
Beter Vrugte en Groente.
Phone—118—Foon

NATUURLIK-GOLWENDE HARE
gee u natuurlike skoonheid!
MEJ. **R. GLAESER**
*Dames Skoonheidsalon*
Kerkstraat 157. Foon 366.

KOM SIEN ONS—
vir u
Fotografiese- en Aptekersbenodigdhede
**GEEN & VELLEMAN,**
KING EDWARDSTRAAT,
POTCHEFSTROOM.

# Theos Kwalifiseer vir Blaine-Finaal

## P.U. se Geffin Behaal 11 Punte met Skoen

**In 'n baie aanskoulike wedstryd, waarin harde voorspelerspel en vinnige agterlynbewegings aan die orde van die dag was, het P.U.K. Saterdag vir Western Reefs met 14 punte (3 strafdoele en 'n doel) teen 5 ('n doel) geklop, om sodoende die halfeindrondte vir die Blaine te wen. Die Pukke speel nou die finaal teen Normaal.**

Die hoogtepunt van die wedstryd was beslis die akkurate skopwerk van die Universiteit se staatmakerskopper, Platbos. Nie minder as 11 van die 14 punte het van sy skoen gekom nie.

Daarby het die P.U.K.-voorspelers baie goed vertoon. Die 3 losvoorspelers was oral op die veld, Styger het klokslag gehak en Chris Beyers het die bal skoot vir skoot hoog bo sy teenstanders se koppe weggevat in die lynstane. Die agterlyn het aanvanklik 'n bietjie gesukkel om reg te kom, maar gaandeweg het sake verbeter. Schwellnus het 'n slag skitterend gebreek en toe was dit weer Steyn wat skoon om sy opponent gehardloop het.

**DIE SPEL.**

Sommer vroeg is 'n strafskop aan die Pukke toegeken en Platbos het die bal suiwer deur die pale gestuur. Western Reefs was egter volgende aan die beurt, toe hulle voorspelers mooi saamgespeel en 'n drie aangeteken het. Gouws het vervyf (3—5).

**Brinkie systap sy teenstander nou oulik, en skop dwars. Prinsloo vang mooi raak en daar volg byna 'n drie. Platbos teken weer die volgende punte met 'n strafskop aan (6—5).**

Western Reefs laat nie op hulle wag nie! Hulle behaal amper 'n drie, maar gelukkig bring Alwyn verligting met 'n lang strafskop.

Na rustyd boer die Pukke op Western Reefs se doellyn. Gouws, hulle heelagter, speel egter pragtig en bring verligting. Nadat eers Vellema en toe Brink byna deur is, word 'n strafskop aan Theos. toegeken en Platbos maak geen fout nie (9—5).

**VELLEMA SE DRIE.**

Toe Western Reefs op die aanval kom en een van hulle spelers wild uitgee, word verdediging skielik in aanval omskep. Piet Pelser vang die bal en laat nael. Hy gee uit na Schwellnus en hy gee weer uit na Vellema wat oordraf. Platbos vervyf en kort daarna blaas die eindfluitjie (14—5).

**DORP EN NORMAAL.**

Die Theosspelers het hulle kanse om vanjaar die Neser vir die Universiteit te wen, verbeur toe hulle teen Dorp en Normaal verloor. Eersgenoemde wedstryd was 'n groot pak van 17—5, maar laasgenoemde (9—6) kon net sowel andersom gewees het. Albei wedstryde was egter interessant. Die Pukke moet net 'n teenmiddel vir die skop- en-hardloop-taktiek van Normaal probeer kry. Ek wonder wat sal gebeur as die Pukke begin hoog skop en almal storm op. Maar dit is nie voetbal nie!


## TX MODISTE

Ons Uitstaande Winterreeks kom nou aan!

Kostuums, Jasse en Gebreide Stukke

Cardigans, Oortrekkers, Bolero's, Jerkins en Angora-drag.

*'Lottie' en Paryse Hoede*

## PARKER & CO.

(Pty.) Ltd.

GENERAL HARDWARE MERCHANTS

Phone 30, Potchefstroom. Box 245.

Irrigation Machinery and Plants Supplied and Erected.

Workmanship Guaranteed!

Farm Implements and Spares, Tools for all Tradesmen, Arms and Ammunition, Fishing Tackle, Kitchen Utensils, etc., etc.


Gedruk deur Die Westelike Stem, Posbus 156, Potchefstroom.

## MERCIA - BEKER

Dit is die verwagting dat die P.U.-Korfbalspan vanjaar weer die Mercia-beker sal verower. Die finaal word binnekort beslis, en daarin kom hulle teen Normaal te staan.

Dit is die stellige verwagting dat die wedstryd besonder taai sal wees, aangesien albei die spanne reeds een oorwinning oor die ander behaal het.

Die Korfbalkapteine is egter nie in twyfel omtrent die uitslag van die wedstryd nie, en stel 'n mooi oorwinning vir die Pukke in die vooruitsg.

## Korfbal.

Die 1ste korfbalspan is nog vinnig op pad na verouering van die Mercia-beker sowel as die Unieskild. Hulle oefen hard en twyfel nie aan wat die eind uitslag sal wees nie. Die eerste span sou die 18de op Potchefstroom te staan gekom het teen die wenners van die Randse spanne maar die wedstryd is op hulle versoek uitgestel. 'n Datum is nog nie bepaal wanneer dit nou sal afkom nie.

Die Sarah-Christina-beker sal seker weer deur die 3de span huis-toe gebring word. Die span teen wie hulle die 18de sou speel het glo nie vir die bepaalde beker ingeskryf nie en so het die wedstryd nie plaasgevind nie.

## Hokkie

P.U. se eerste span het die 11de Augustus 'n liga-wedstryd teen dorp se 2de span op ons baan gespeel. Ons dames het die oorwinning behaal met die telling 2—1. Daar is nog een liga-wedstryd in vooruitsig nl. teen dorp se eerste span. Ons 2de span het ook die 11de 'n wedstryd op Klerksdorp gespeel maar moes ongelukkig die onderspit delf.

Die seisoen nader nou vinnig die einde en daar word reeds nie meer Saterdagoggende geoefen nie.

## JUKSKEI VAAR GOED

Die P.U. se mansjukskeispan vaar vanjaar baie goed en het alle hoop om bo-aan die liga te eindig.

Op 26 Mei het hulle die Majubalaer goed opgekeil en sodoende hulle posisie aansienlik versterk.

Met die groot „jukskeidag" op Parys op 24 Mei, het sowel die dames- as mansspanne van die P.U. baie goed gevaar. Hulle het met sterk kompetisie te doen gehad—selfs teen Springbokke gespeel—en kon nie heelbo eindig nie. Die pragtige Laer-trofee is egter deur hulle ingepalm.

## VRA MATIES VIR RE EKS INTERVARSITIES

Die Voorsitter van die S.R., mnr. Spoelstra, het 'n brief aan Maties gerig om te hoor hoe sake staan met 'n reeks intervarsities in die Noorde, maar het nog geen antwoord ontvang nie. „Ons inrigting is nog te klein en die inkomste van die S.R., met slegs 400 studente wat S.R.-fooie betaal, te klein om spanne af te stuur." Aldus mnr. Spoelstra.

## HOKKIE.

Op 9 Junie moes P.U. sonder die dienste van Ds. Loots, Hennie de Wet en Steve klaarkom, toe hulle teen Western Reefs te staan gekom het. Hulle afwesigheid is terdeë gevoel en die Pukke moes die vinnige stryd met 1—0 gewonne gee.

Verlede Woensdag was die Puk-span egter op volle sterkte en het hulle die sterk Normaalspan tot 'n gelykopspel gedwing. In die opwindende wedstryd waarin sprankelende hokkie gesien is, het veral Frans Buys, Ds. Loots, Piet en Boep skitterende spel gelewer. Puk was beslis ongelukkig om nie 'n doel aan te teken nie.

**Die volgende spelers is gekies om 2 gekombineerde Potch-spanne teen Klerksdorp te verteenwoordig:**

**A-span: Ds. Loots, Peet de Wet en Piet van Wyk.**

**B-span: Steve, Boep, Blackie, Frans Buys en Hennie de Wet.**


## W. J. SPAVINS EN SEUN

VIR ALLE

Elektriese Benodigdhede Draadlose, Koelkaste.

Kerkstraat 65, POTCHEFSTROOM.

## INGRAM SE BOTTELSTOOR

INGEVOERDE en KOLONIALE WYNSOORTE en SPIRITUALIEË

DIE NUUTSTE ONTWERPE. MODE SE HOOGSTE PUNT.

ENKEL-LISSIE DAMESSKOENE vanaf 29/6

## EDWORKS

(1936) Beperk.

Kerkstraat, Potchefstroom

DURENDE GEMAK.

PUKKE is altyd hartlik welkom by


UNIEWINKELS as hulle in Johannesburg is.

Ons voorsien reeds die VOETBALTRUIE en KOUSE. Binnekort maak ons 'n belangrike aankondiging i.v.m. die KLEURBAADJIES.

## UNIEWINKELS, BPK.

Johannesburg.

Kerkstraat 45. Foon 22-4746.



Waar u ook mag wees

# Kommando

—die gewildste Suid-Afrikaanse sigaret




61-3060 AF